



Tel: (012) 6675258  
Fax: (012) 6675259  
E-mail: [info@agribisa.co.za](mailto:info@agribisa.co.za)  
Webpage: [www.lrf.co.za](http://www.lrf.co.za)

**ORDINARY MEMBERS:** • BRAHMAN • BRANGUS • LIMOUSIN • S.A. HOLSTEIN • SANTA GERTRUDIS • SIMMENTALER • SIMBRA • S.A. BRAFORD  
**AFFILIATED MEMBERS** • NAMIBIAN STUD BREEDERS' ASSOCIATION • ZIMBABWE HERD BOOK

## Dienslewering aan die bedryf

Baie telers is nie bewus van die waardevolle inligting wat d.m.v. die BREEDPLAN<sup>1</sup> stelsel beskikbaar is en derhalwe het Mnr. Wessel Hattingh die LRF President versoek dat 'n beknopte opsomming hieroor aan beskikbaar gestel word en dat genootskappe hierdie inligting asseblief d.m.v. van die personeel en publikasies propageer.

Die meeste inligting is op die BREEDPLAN webblad<sup>2</sup> aan enige persoon beskikbaar en teler-spesifieke inligting is net vir telers op hulle BREEDPLAN **Members Page**<sup>3</sup> bekikbaar. D.m.v. van die **Members Page** het die teler direkte toegang tot alle inligting oor aktiewe en historiese diere en kan allerhande eie-keuse verslae genereer. BREEDPLAN se internet dienste is nie net die beste maar ook die populêrste in Suider-Afrika en het verlede jaar 1.2 miljoen transaksies oorskry. Dit is 42% meer as drie jaar gelede en toon dat boere wel van die internet gebruik maak om beter besluite te neem.

### A. Roetine verslae vir telers

#### 1. Kудde-Verslag

Die belangrikste prestasietoets verslag vir deelnemende kuddes lê op die **Members Page** as '*BREEDPLAN Report.PDF of Herd Report*' en bevat o.a. die volgende vir elke dier: Ouers, ouderdom eerste kalwing en TKP, teelwaardes<sup>4</sup> (EBVs, BLUP) met akkuraatheid<sup>5</sup> vir geboorte, groei, melk, vrugbaarheid en karkas eienskappe, R Of \$ indekse en wat gemeet is. Hierdie verslag bevat ook mooi teelwaarde grafieke wat aandui of die kudde oor die afgelope 15 jaar geneties gevorder het en hoe die kudde op genetiese vlak met die ras vergelyk<sup>6</sup>. Daar is ook 'n persentiel-tabel (sien 6 hieronder) om die rangorde van diere binne die ras te bepaal en tabelle met getal gewigte/mate/skanderings (fenotipiese data) wat op rekord is en jy sal vinnig sien in watter jaar daar minder sê maar speengewigte ingedien/opgeneem was. Voordat u die kudde-verslag interpreteer moet u asb. hierdie lees: **Members Page**, klik '*Download Files*' en dan in die tabel '*GROUP-BREEDPLAN-herd-rept-intro.pdf*'

#### 2. Kry gedurig jou nuutste teelwaardes

BREEDPLAN se populêre nuwe ILR2 stelsel (wêreldwyd 'n fantastiese sagteware deurbraak en alle genootskappe in Suid-Afrika het dit) bereken maandeliks nuwe teelwaardes vir diegene wat nuwe gewigte ingedien het. Hierdie waardes word soos onder 1 hierbo beskryf op die **Members Page** geplaas en HerdMASTER<sup>7</sup> gebruikers kan dit elektronies van die **Members Page** intrek. Dit is derhalwe belangrik om gereeld u **Members Page** te besoek vir die jongste data wat baie help om kort na weging te besluit watter diere op grond van prestasie uitgeskot kan word en ook verseker dat die jongste waardes in veilings katalogusse en verslae gepubliseer word.

### 3. Reproduksie

Wêreldwyd by alle rasse is vrugbaarheid nr.1 en die aantekening daarvan behoort derhalwe belangriker te wees as weging. Ongelukkig is die aantekening by Suider-Afrikaanse telers swak. (i) Die vrugbaarheid van die bestaande kudde kan verbeter word deur beter bestuur/voeding (fenotipe) en sommige genootskappe het 'n spesiale koei-reproduksie verslag met ouderdom, 1ste kalwing ouderdom, getal kalwings, TKP en oop dae sedert laaste kalwing wat op aanvraag deur die kantoor gepos of op die **Members Page** geplaas kan word. (ii) Die vrugbaarheid van die toekomstige kudde kan verbeter word d.m.v. seleksie vir genetiese maatstawwe soos BREEDPLAN se skrotum omvang<sup>13</sup> en dae-tot-kalwing-teelwaardes (genetika of genotipe). Huidig word dae-tot-kalwing teelwaardes vir drie rasse verwerk en in die Kudde-Verslag (1 hierbo) sowel as op die internet gepubliseer. Aantekening geskied d.m.v. HerdMASTER (maklikste) of 'n vorm wat u hier kry: <http://www.breedplan.co.za/> en kies bo 'Technical Documents' en 'Microsoft Excel Templates' en dan 'Template for Submitting Joining Information' (dae-tot-kalwing) of 'Template for Submitting Weights & Scanning Information' (skrotum).

### 4. Hoe presteer die ras se stoetbulle (*Published Sires*)

Bulle van wie daar oor die afgelope paar jaar nageslag in stoetskuddes aangeteken is se teelwaardes met 'n redelike akkuraatheid<sup>5</sup> sowel as die getal gebruiker-kuddes/nageslag en, indien van toepassing rasleier eienskappe kan op versoek van genootskappe as 'Sire Report' of 'Published Sire Listing' op elke **Members Page** afgelaai word. Dit is mos belangrik om te sien hoe u mede telers se bulle presteer. Hierdie verslag bevat ook 'n persentiel-tabel (6 hieronder) om die relatiewe plek van die bul te sien. D.m.v. die BREEDPLAN webblad<sup>2</sup> kan enige persoon 'n eie keuse soektog na hierdie bulle loots by *Animal Enquiry* deur 'Animal is a published sire' tesame met bv. 'n provinsie, ouderdom-reeks, poenskop ens. te kies.

### 5. Ek het 'n probleem met my bul se teelwaarde, hoe nou

Veral by bulle is die teelwaarde baie keer nie wat die teler verwag het nie en word die stelsel geblameer waar dit baie keer 'n aantekening fout is. Die BREEDPLAN stelsel is ontwerp om so deursigtig as moontlik te wees en al die rou data, kontemporêre groepe inligting, bestuursgroep-kodes, prestasie geskiedenis van ouers en ander diere in die stamboom, ens. word d.m.v. 'n gebruikersvriendelike diagnostiese program aan elke ras se kantoor beskikbaar gestel om terugvoering aan lede te gee oor hierdie belangrike aangeleentheid. Hierdie diens is 'n groot voordeel van die BREEDPLAN stelsel en telers word aangemoedig om dit te benut<sup>8</sup>.

### 6. Hoe vergelyk my dier met die ras

Om die teelwaarde rangorde van diere binne die ras te bepaal gebruik jy BREEDPLAN se persentiel-tabel (*Percentiles*) wat aantoon of die dier bv. in die top5%, top10%, onderste10%, boonste derde, ens. is. In die persentiel-tabel word teelwaardes van alle kalwers wat twee jaar voor die laaste analise gebore is van die hoogste tot die laagste gelys omdat die genetiese vlakke van vandag se dekbare verse meer wesenlik as die laer vlakke van ouer koeie is. Hierdie tabel word tesame met 1 hierbo voorsien en is ook op die BREEDPLAN webblad<sup>2</sup> by elke dier se teelwaarde tabel beskikbaar d.m.v. "Click for percentiles".

### 7. Rasleier bulle (*Trait leaders*)

Die beste prestasie getoetste bulle of sogenaamde rasleiers word gereeld deur BREEDPLAN aan genootskappe beskikbaar gestel vir publikasie op hulle webblad of joernale. Dit is *Published Sires* (sien 4) wat in een of meer eienskappe met 'n goeie akkuraatheid, uitblink en hulle word geïdentifiseer op grond van stamboom en prestasietoetsdata op die ras se stelsel. Rasleier-bulle word op die BREEDPLAN webblad<sup>2</sup> uitgewys deur die betrokke eienskap in blou kleur te merk.

## 8. Keur-verslag

Vir keuring/inspeksie kan die kantoor 'n handige keur of inspeksie-verslag genereer met besonderhede oor keurbare diere met hulle teelwaardes en spasies wat die keurder invul.

## B. Monitor die geloofwaardigheid van teelwaardes

Net soos by stambome, is die integriteit van 'n teelwaarde afhanklik van die integriteit van die informasie wat deur telers voorsien word. Die prestasie (gewigte/metings/punte) en ouerskap moet korrek wees want beide word vir die berekening van teelwaardes gebruik. Indien hierdie inligting onakkuraat is sal BREEDPLAN se teelwaardes foutief wees en teel die bul nie soos sy teelwaardes nie. Voer die stelsel met snert en jy kry snert terug.

### 9. Is my bul 'n uitskieter

Vir baie jare al kontroleer BREEDPLAN by elke ontleding of die gewigte/mates binne 'n kontemporêre groep aan wetenskaplik norme voldoen. Buitengewone hoë/lae gewigte/mates word as uitskieters of 'outliers' geklassifiseer en hulle besonderhede word vir korreksie aan genootskape voorsien en deesdae ook as 'Outlier Report' op die **Members Page** gelaai vir regstelling. Maak 'n gewoonte daarvan om gereeld u **Members Page** te besoek om te sien of daar 'n nuwe 'Outlier Report' is want as u nie regeer nie word hierdie uitskieters by alle ontledings uitgesluit en is die kans goed dat die dier 'n opgeblaaide of ongeloofwaardige teelwaarde ontvang. Uitskieter verslae bly op die **Members Page** totdat die teler dit afgehandel het. Uit ervaring weet ons dat uitskieters meestal geassosieer word met foutiewe gewig indiening, data-invoer foute en veral foutief gedefinieerde bestuursgroepe (meestal spesiaal gevoerde skou of veilingsbulle).

### 10. Is jou kudde voldoende gekoppel

Om jou diere met die ras te vergelyk moet daar genetiese verwantskappe met ander kuddes bestaan. Verwantskap-koppelings word reëlmatig deur BREEDPLAN bereken en as 'n konfidensiële verslag aan die genootskap voorsien. Dit is baie belangrik dat die kantoor personeel die verslag bestudeer, norme daarstel en telers met onvoldoende koppelings inlig en verduidelik hoe om beter skakeling te bewerkstellig<sup>9</sup>. Indien hierdie verslag geïgnoreer word sal die eienaars van laag-gekoppelde kuddes nie daarvan bewus wees dat hulle nie hulle teelwaardes met dié van ander telers kan vergelyk nie. Let daarop dat hierdie verslag net op die betrokke analise gebaseer is en van analise tot analise kan verskil m.a.w. 'n goed gekoppelde-kudde kan die status by die volgende analise verloor en andersom.

### 11. Abnormale verandering in teelwaardes

Diere met buitensporige teelwaarde veranderings tussen teelwaarde ontledings word aan genootskape voorsien vir kontrole en moontlike opvolging met die teler. Hierdie veranderings hou normaalweg verband met 'n foutiewe bestuursgroep. Indien die kantoor hierdie verslag ignoreer kan BREEDPLAN sulke potensiële foute nie regstel nie. Uiterstes word ook in die kudde-verslag (sien 1) by jong bulle en verse as 'Extreme EBV' aangetoon.

### 12. Monitor of gewigte op rekord is

Ons beveel sterk aan om gereeld te kontroleer watter gewigte/mate/punting op die stelsel is deur 'n prestasie lys by die kantoor aan te vra. Hierdie verslag lys diere gebore in 'n bepaalde periode met alle metings, datums en bestuursgroep informasie. Hierdie inligting word ook in die 'Completeness of performance' verslag bevat (13) en kan op die Members page besigtig word (24)

### 13. Volledige of deeglike toetsing

Selektiewe toetsing is slegte toetsing<sup>10</sup>. Gelukkig het BREEDPLAN 'n volledigheid-verslag (*Completeness Report*) waardeur telers wat selektief toets identifiseerbaar is. Hierdie verslag

is 'n opsomming van die hoeveelheid stamboom en prestasie-inligting wat oor jare ingedien is (bv. in 2010 is 100 kalwers gebore/aangemeld waarvan net 50 by speen geweeg is = 'n lae 50% speen toetsing). Ons beveel sterk aan dat telersgenootskappe hul eie toets-geloofwaardigheid norme daarstel en dat die personeel telers wat selektief toets inlig en van raad voorsien. Genootskap-toekennings wat op prestasietoets syfers gebaseer is behoort aan laasgenoemde norme te voldoen<sup>11</sup>. BREEDPLAN plaas ook elke teler se volledigheid-verslag as '*Perf completeness.PDF*' op die **Members Page** en bywerking geskied as nuwe gewigte ingedien word. Vir volledigheid-toetsing kudde gradering embleme (vir veilings katalogus, joernaal advertensie, ens.) en besonderhede besoek <http://www.breedplan.co.za/> en kies bo '*Technical Documents*' en dan '*Completeness of Performance*'.

## C. Algemene internet dienste

'n Magdom inligting is op die BREEDPLAN webblad<sup>2</sup> aan telers en Jan Publiek gratis en sonder lastige registrasie/wagwoorde beskikbaar. Dit sluit in omvangryke prestasie en stamboom inligting van elke dier (lewendig of dood); besonderhede van alle telers; veilings en KI bul katalogusse met foto's sowel as 'n uiters kragtige soekfunksie na diere wat aan prestasie en ander vereistes van die gebruiker voldoen. Hierdie diens word tans deur meer as 'n honderd rasgenootskappe in 11 lande gebruik en geniet rondom 3.2 miljoen 'hits' **maandeliks**. Genootskap kantore kan die populariteit van internet verkeer monitor en byvoorbeeld sien hoeveel besoekers na die veilings katalogusse kyk en selfs watter lot-nommers populêr is. Die meeste opsoek fasiliteite is nou ook d.m.v. iPhone- en Android-toepassings beskikbaar onder **INSolutions**.

**Stap vir stap instruksies oor hoe om hierdie inligting te bekom of af te laai** word d.m.v. ondervermelde sleutelnaam [Verw.: *Sleutel naam*] by <http://www.breedplan.co.za/> , '*Technical Documents*' en '*Dienslewering aan die bedryf*' voorsien.


### 14. Telers informasie [Verw: *Member enquiry*]

Die 'Lid-navraag' fasiliteit toon besonderhede van telers sowel as 'n soekfunksie vir telers in 'n provinsie, in prestasietoetsing en meer. Dit bevat ook 'n soekfunksie vir die volledigheid-gradering (sien item 13).

### 15. Dier besonderhede [Verw: *Animal enquiry*]

'n Volledige elektroniese kuddeboek met o.a. die volgende is beskikbaar vir elke dier: Multi-generasie stambome, registreerde nageslag, reproduksie rekord, teler/eienaar en veelmeer. 'n Kragtige soekenjin is beskikbaar vir die opsoek van diere vir 'n verskeidenheid van kriteria insluitende besonderhede van die nageslag van die bul van jou keuse, koeie met reproduksie toekennings, diere binne 'n provinsie, poenskop faktor, ens. Indien daar op enige naam van 'n dier in die stamboom geklik word, word die besonderhede van daardie dier vertoon. As die navraag in vorm van 'n lys weergee word kan dit volgens verskillende kriteria sorteer en afgelaai word.

### 16. Teelwaardes [Verw: *EBV enquiry*]

Die jongste teelwaardes van elke dier word in tabelvorm of in 'n mooi kleur-histogram formaat vertoon wat d.m.v. 'n klik na bv. 'n epos of ander dokument 'gecopy' kan word. Hierdie histogram (klik op *EBV graph: View of* ) toon hoe die dier vir elke eienskap met die huidige genetiese vlak van die ras vergelyk. Diere (binne geslag, geboortejaar, keur status, poena status, provinsie, ens.) wat aan jou keuse minimum/maksimum teelwaardes voldoen

is d.m.v. van 'n soekenjin opspoorbaar. 'n Verduideliking van alle teelwaardes is beskikbaar deur op hierdie figuur te klik [EBV](#)

### 17. Rand/\$ waardes

Die 'BreedObject' ekonomiese of geldwaarde indeks (niks te doen met ouderwetse groeitoets of fase A/B indekse nie) is gebaseer op ekonomiese waardes vir BREEDPLAN se groei, vrugbaarheid en karkas eienskappe. Die program is ontwerp vir stoet- en kommersiële telers en help om teiken doelstellings vir beesvleis teelprogramme te formuleer deur die optimale kombinasie van teelwaardes te bereken. Hierdie belangrike waardes is op enige van die dierbladsy beskikbaar deur 'Show index values' heel onder op die bladsy te kies. Klik op [EBV](#) en kies 'Selection Indices' vir 'n verduideliking of raadpleeg jou genootskap vir besonderhede oor hoe hierdie waardes saamgestel word omdat daar verskillende Rindekse of \$indekse vir rasse bestaan. Lees ook <http://breedplan.co.za/>, kies 'Technical documents' en dan 'BreedObject Selection Indexes'.

### 18. Veilings katalogus [Verw: Sale catalogues]

'n Waardevolle inligtingsbron vir agente en potensiële kopers is BREEDPLAN se aanlyn-veiling katalogus wat deur genootskappe bestuur word lank voordat die gedrukte veiling katalogus beskikbaar is. Die belangrike voordeel van hierdie aanlyn-katalogus is dat dit deurgaans "lewendige amptelike inligting" bevat (bv. die jongste teelwaardes en kalwingsrekord) omdat dit direk aan die rasgenootskap se meester-stelsel gekoppel is. Van die besonderhede in die katalogus is: Basiese inligting oor die dier met verkoper se kommentaar; die 4-generasie stamboom wat tot 10-12 generasies vêrder terug vervolgbaar is, teelwaardes, inligting oor moeder soos bv. kalfdatums en indien voorsien, 'n foto van die lot. Die kersie op die koek is 'n soekfunksie om diere op die veiling te lys wat aan jou persoonlike teelwaarde vereistes voldoen. Nog 'n wêreldwyd unieke gerief is dat hierdie soekfunksie uitgebrei kan word na ander veilings wat op daardie stadium deur die genootskap as 'Sale catalogue' gepubliseer is. Afslaaers word aanbeveel om hierdie katalogus d.m.v. elektroniese skakeling aan potensiële kopers beskikbaar te stel en verkopers behoort hierdie inligting<sup>12</sup> in die katalogus te plaas.

### 19. Amptelike besonderhede van KI bulle [Verw: Semen catalogues]

D.m.v. BREEDPLAN se web-stelsel kan besonderhede van KI bulle en saad-aandeel-bulle met die jongste amptelike inligting en foto's aan almal bekend gestel word. Dit bevat ook soos hierbo beskryf "lewendige inligting" wat bygewerk word met die nuutste inligting oor die bul en sy verwante. Invoerders kan hierdie fasiliteit gebruik om KI bulle van ander lande op te soek d.m.v. <http://www.breedplan.co.za/> en regs onder die land, betrokke rasgenootskap en 'Semen catalogues'.

## D. Spesiale verslae/vorms vir telers

Die **Members Page**<sup>3</sup> het 'n fantastiese eie-keuse soekfasiliteit en aflaaierigeweer vir telers. Dit is soos om al die informasie van jou kudde op jou eie komper te hê en jy genereer verslae volgens jou keuse. Stap vir stap instruksies oor hoe om van hierdie te bekom of af te laai word d.m.v. ondervermelde sleutelman [Verw.: *Sleutel naam*] by <http://www.breedplan.co.za/>, 'Technical Documents' en 'Dienslewering aan die bedryf' voorsien.

### 20. Verander jou besonderhede by genootskap

Jou nuwe selfoon, epos, ens. kan jy hier verander: **Members Page** en links bo 'Modify my membership details'. Jou kantoor word dan outomaties hiervan verwittig.

## 21. Wanneer weeg/meet/punt ek wat

Op versoek kan die kantoor 'n weeglys met tersaaklike dier besonderhede en voorgestelde weeg datums skep en op jou **Members Page** aflaai. Die bepaling van skrotum omvang<sup>13</sup> (300-700dae - Zebu en Zebu tipe eerder later as vroeër) tesame met die 400 of 600 dae weging word sterk aanbeveel. Weeg/skrotum vorms is ook beskikbaar by <http://www.breedplan.co.za/> en kies bo 'Technical Documents' en 'Microsoft Excel Templates' en dan 'Template for Submitting Weights & Scanning Information'. HerdMASTER het ook 'n eenvoudige funksie om hierdie informasie aan die kantoor te stuur.

## 22. Tipe aantekening

Telers kan self tipe eienskappe<sup>14</sup> punt maar beskikbaarstelling van BREEDPLAN teelwaardes<sup>4</sup> moet met die genootskap uitgeklaar word. Indiening van data geskied d.m.v. HerdMASTER of vorms wat hier beskikbaar is: <http://www.breedplan.co.za/> en bo 'Technical Documents', 'Microsoft Excel Templates' en dan 'Template for Submitting Structural Score Information'.

## 23. Eie-keuse verslae [Verw: Modify my report layout]

Op die **Members Page** (regs bo 'Modify my report layouts') kan jy kies watter informasie (velde) die verslag moet bevat en lys dan diere binne jou kudde (kies 'My ownership') wat aan jou vereistes voldoen. Die verslag word dan gedruk of na bv. Excel afgelaai. Byvoorbeeld: Genereer 'n verslag met naam, ID, gebore, vader, teelwaardes en R of \$ waardes vir die volgende diere in jou kudde:

- Aktiewe vroulike diere oor 2 jaar (deklys);
- Diere van 1 – 3 jaar wat nog nie gekeur is nie (lys vir keurder);
- Nageslag van bul XY;
- Alle aktiewe bulle in my kudde met teelwaardes tussen X en Y;
- Watter geboortes het ek al vir geboortejaar X ingedien;
- Watter gewigte is vir verlede en voorverlede jaar se kalweroes ingedien.

Die diere op hierdie lyste kan volgens jou keuse georden word (bv. van hoog tot laag).

## 24. Watter gewigte/mate is vir my diere op rekord [Verw: Modify my report layout]

Kontrole van wat aangeteken is geskied ook d.m.v. die fasiliteit wat by 23 behandel is deur die veld 'Traits observed' in die 'Animal listing' tabel te kies. Sodoende word diere van jou keuse gelys tesame met afkortings vir geboorte gewig, 200 dae, skrotum, skandering, ens. wat op rekord is. Indien u nie 'My ownership' kies nie en enige dier se ID of naam invul kan u sien watter inligting van ander diere gemeet is.

## 25. Eie-keuse teelwaarde grafiek [Verw: Modify my report layout]

Die kleur histogram-figuur wat aandui hoe 'n dier vir elke eienskap met die huidige genetiese vlak van die ras vergelyk kan volgens jou keuse verander word dat bv. net die geldwaarde indekse vertoon. Soos genoem, kan hierdie grafieke d.m.v. regslik "copy image" na bv. 'n epos en ander dokumente gekopieer word.

## 26. Paring voorspeller [Verw: Mating predictor]

Oor die gevare van inteling is daar al baie geskryf. D.m.v. hierdie fasiliteit kan jy die inteling koëffisiënt van beplande parings bepaal op grond van alle stamboom besonderhede op rekord. Die lekkerte hiervan is dat jy die beoogde bul se ID intik en dit koppel met sê maar al jou huidige aktiewe koeie oor twee jaar. Die resultaat vertoon elke paring se inteling koëffisiënt sowel as die ongeboore kalf se geraamde teelwaardes.

## 27. Direkte aanlyn opdatering van jou beeste

BREEDPLAN het 'n verskeidenheid van aanlyn funksies vir telers om informasie in te dien maar die genootskappe besluit self watter dienste hulle wil aktiveer. Inplaas van byvoorbeeld 'n geboortekennisgewing te pos of per HerdMASTER in te dien kan jy d.m.v. van die aanlyn transaksie-fasiliteit jou koeie oproep en 'n nuwe kalwing aanmeld. Raadpleeg jou genootskap

vir besonderhede. Binnekort sal die aanlyn "ILR2 online" ook vir telers aangeskakel word. Dit sal telers toelaat om direk op die stelsel te werk. Telers met meer as 50 diere sal egter steeds verkies om HerdMASTER te gebruik.

---

<sup>1</sup> Die populêrste bees prestasietoets en registrasie stelsel in die wêreld. Deelname bestaan uit meer as 'n honderd genootskappe in 12 lande met 17 vleisbeesrasse en 'n databasis van 40 mil stamboek diere. Die 60,000 deelnemende beestelers (vergelyk met totale getal beestelers van 4500 in S.Afr., Namibia, Zambia en Zimbabwe) registreer 470 000 diere per jaar. BREEDPLAN is 'n voorloper in die inkorporering van genomika in genetiese analises en hanteer multiland-genetiese-analises vir 15 vleisbees rasse as roetine. Hulle huidige navorsing en ontwikkeling begroting beloop R17mil per jaar.

<sup>2</sup> Bereikbaar d.m.v. die genootskap se webblad OF direk by <http://www.breedplan.co.za/> kies 'Afrikaanse weergawe' bo en dan regs onder '*Rasgenootskap databasis*' en klik op '*Dier Navrae*'. Let op die ander opsies nl. 'EBV enquiry', Member enquiry', ens.

<sup>3</sup> Besoek die BREEDPLAN webblad soos onder <sup>2</sup> beskryf. Kies nou '*Download Files*' regs bo, klik op '*Signed on*' en voltooi u Member ID (u lidnommer) en Password (van u kantoor beskikbaar), klik '*Signon*' onder vir die **Members Page** (sien u stoetnaam links bo en lidnommer regs bo) en kies '*Download Files*' of van die ander funksies wat binne kudde verband (*My ownership*) benutbaar is.

<sup>4</sup> Teelwaarde of EBV: Die grootste gedeelte van wat ons in 'n dier sien word deur die omgewing beheer (kos, bestuur) en die kleiner gedeelte deur genetika. Slegs die genetiese komponent word aan die nageslag oorgedra. Ons kan egter nie hierdie genetiese komponent afsonderlik van die omgewing se invloed sien nie en daarom gebruik alle rasse wêreldwyd die BLUP tegnologie om die genetiese komponent te beraam en in 'n teelwaardes uit te druk. Teelwaardes word bereken vanaf stambome en prestasierekords van diere en al hulle verwantes. Die grootste voordeel van teelwaardes is dat diere binne 'n ras, tussen kuddes en oor jare met mekaar vergelykbaar is. Die verskil in waardes tussen twee diere is belangriker as die absolute waarde. Gebruik teelwaardes altyd tesame met tipe oftewel voorkoms.

<sup>5</sup> Die akkuraatheid of betroubaarheid van 'n teelwaarde word orals met 'n % syfer uitgedruk, hoe hoër die syfer hoe beter. Teelwaardes verander jaarliks (gelukkig) deur die toevoeging van meer inligting en lae akkuraatheid teelwaardes kan nogal baie verander. Hou altyd in gedagte dat 'n teelwaarde 'n gelyke kans het om op- of afwaarts te verander soos wat meer inligting bykom. 'n Akkuraatheid onder 50% is laag omdat dit op min inligting baseer is, van 50-74% gee jou 'n gemiddelde akkuraatheid wat meestal gebaseer is op gemete prestasie van die dier, 'n 75-90% akkuraatheid is gemiddeld tot hoog en sluit al inligting van nageslag in en laastens 'n >90% akkuraatheid wat 'n goeie weergawe is van hoe die dier teel en teelwaardes sal nie baie verander nie met die toevoeging van nuwe data nie.

<sup>6</sup> "Maar ek boer ekstensief en kan nie my diere se prestasie met intensiewe stoeterie vergelyk nie". Gelukkig maak 'BLUP' dit moontlik omdat die effek van seisoene, voeding en bestuur grootliks geëlimineer word. Dit word wêreldwyd aangewend om kuddes en diere binne die ras oor jare en kuddes met mekaar te vergelyk.

<sup>7</sup> HerdMASTER, ook 'n BREEDPLAN produk, haal die rompslomp uit stoeteling-administrasie en is ten volle versoenbaar met die genootskap se programme m.a.w. jy kan al jou gegewens elektronies indien. By installering word besonderhede van al jou diere wat by die genootskap op rekord is op jou stelsel gelaai. Nader gerus van die baie telers wat al van HerdMASTER gebruik maak en besoek: <http://www.BREEDPLAN.co.za/Afrikaans/Herdmaster.htm>

<sup>8</sup> BREEDPLAN hanteer die navorsing, ontwikkeling, programmering, genetiese evaluering en tegniese ondersteuning aan genootskappe, maar die stelsel is gesetel in die hande van die genootskap se personeel en hulle diagnostiese ondersteuning aan lede.

<sup>9</sup> Hoe groter die verwantskap tussen weeg groepe in 'n kudde sowel as ander kuddes, des te beter werk "BLUP" om verskille in omgewing tussen jare en kuddes aan te pas. Genetiese koppeling word kortliks as volg bevorder: (i) Gebruik bulle wat ook in ander prestasietoets-kuddes gebruik word (*KI-bulle of saandaandel-bulle*), (ii) verkoop/koop bulle aan/van ander prestasietoets-kuddes, (iii) Sorg vir meer as een vader per weeg groep en (iv) vir koppelings oor jare, moet bulle verkieslik nie almal in een jaar vervang word nie.

<sup>10</sup> "Moenie jouself verneuk nie". Weeg/punt alle diere insluitende uitskot diere wat nog op die plaas is. Deur slegs die beter (*swaarder*) diere te weeg maak jy hulle 'middelmattig' i.p.v. 'goed' omdat hulle ligter maats nie geweeë is nie.

---

<sup>11</sup> Bv. sal 'n speengewig prestasietoets toekenning onderworpe wees aan 'n speengewig retensie van sê maar ten minste 80% m.a.w. ten minste 80 van die 100 kalwers wat in 'n jaar lewendig gebore word (geboorte kennisgewing) moet 'n speengewig op rekord hê. Seleksie vind meestal nie voor speen plaas nie en alle kalwers, geregistreer en geprul, is vir weging by speen beskikbaar.

<sup>12</sup> Besoek jou **Members Page**, klik 'Download Files' en 'GROUP-BREEDPLAN-herd-rept-intro.pdf' en aan die einde van hierdie dokument kry jy 'EXPLANATORY NOTES FOR CATALOGUES'.

<sup>13</sup> Oorgenoeg wêreldwye navorsing toon dat seleksie vir verhoogde skrotum omvang teelwaardes nie net semen-kwaliteit en -produksie verbeter nie maar ook lei tot dogters met verhoogde leeftyd reprodktiewe prestasie. As u ernstig oor reproduksie is, moet u tydens die 400 of 600 dae weging die skrotum omvang van ALLE bulle (insluitende uitskot bulle) meet (van 300 tot 700 dae oud). Volgens navorsing is seleksie o.g.v. skrotum omvang teelwaardes veral vir Zebu en Zebu komposiete van groot belang. Van die genootskappe verkoop skrotum-meetstokke.

<sup>14</sup> Van die belangrike tipe eienskappe wat deur die teler gepunt/gemeet kan word vir uiteindelijke beskikbaarstelling van teelwaardes (sodra voldoende inligting per ras) is skede- en naevel, temperament (seleksie d.m.v. teelwaardes besonders suksesvol), bene of strukturele korrektheid, oogpigment, bespierung en uier eienskappe. Punting moet verkieslik voor keuring deur die teler geskied omdat keuring meestal/altyd plaasvind op 'n groep waar diere 'met foute' reeds uitgeskot is en derhalwe is die punte/scores van min/geen waarde vir 'n teelwaarde analise. BREEDPLAN akkommodeer al hierdie dienste maar u genootskap besluit oor deelname al dan nie.

---

Bronne: Dr B Crook, Dr M Bradfield, Mr J Allan, Mr M O'Sullivan, Mr A Byrne, BREEDPLAN (<http://breedplan.une.edu.au/>), Animal Genetics and Breeding Unit (<http://agbu.une.edu.au/>), AgriBSA (<http://www.breedplan.co.za/>) en verskeie LRF eNEWS publikasies (<http://www.lrf.co.za/>).

---

### **Leer meer:**

**<http://www.agribsa.co.za/>** en kies bo '*Technical Documents*' en dan .....

BREEDPLAN Tip Sheets

BREEDPLAN Booklets

Completeness of Performance

MateSel - Optimised Mating Allocation

<p>Peter Massmann, Junie 2013 in opdrag van die LRF © Outeursreg. Reproduksie van die inhoud of dele hiervan, direk of indirek in enige medium, word verwelkom met die bron: "Lewendehawe Registrerende Federasie en BREEDPLAN."</p>
--